

7 APRIL

**SKRIFGEDEELTE: PSALM 23
FOKUSGEDEELTE: PSALM 23:3**

Die Here gee ons die toerusting om tot sy eer te leef

Hoe duidelik besing die psalmdigter die Here se besondere sorg. Na sy gebeds-worsteling in die vorige psalm, besef hy waarheen die Here met hom op pad is. Soos 'n herder sy skape lei, so lei die Here hom en voorsien gemoedsrus, vrede en krag. Dit is wat hom op die regte pad hou, agter die Herder aan. So kan hy leef om die doel van sy bestaan te verwesenlik, naamlik om die Here te eer.

In die proses om die Here se naam te eer en op die regte pad te bly, is daar soms beproewinge, maar die donker dieptes en selfs die onbekendheid van die dood is nie meer vir die psalmdigter 'n verskrikking nie. Hy kry nuwe krag, lewenskrag. Hy kry krag, gemoedsrus en vrede om in die voetspore van die Herder te volg. Wanneer hy dit doen, ervaar hy nog net meer van die oorfloed van die Here se genade en seënige. Dit laat hom soos 'n eregas voel.

Dit is vandag ook beskore vir elkeen wat in Jesus Christus glo. Hy is die Goeie Herder wat sy lewe vir ons afgelê het. Van ons sê Hy volgens Johannes 10:27-28: "My skape luister na my stem; Ek ken hulle en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My hand ruk nie." Deur die Heilige Gees gee Hy ons die krag om tot sy eer te lewe, ook in die moeilikste omstandighede.

Volg dan in sy voetspore en u sal tot in ewigheid die goedheid en die liefde van die Here soos 'n eregas ervaar.

Sing: Psalm 23:2, 3

Ds Jan du Plessis (Lichtenburg)